# Admiraal groet sy skip

**Die Hoof van die Suid-Afrikaanse Weermag, adml. H. H. Biermann, het verlede week afskeid geneem van 'n obskure skip, die Gamtoos. In die oorlog was hy bevelhebber daarvan. Die afskeid het die Admiraal ver teruggevoer na die verlede, skryf GIDEON JOUBERT.**



Adml. H. H. Biermann, Suid-Afrika se Weermagshoof, staan by die stuurwiel van die Gamtoos. Voor hom i die kompas en links voor die masjienkamertelegrawe.

LANGER as 33 jaar gelede stap 'n jong luitenant-kommandeur van die Vloot aan boord van sy skip. 'n Klein outydse, maar trotse skippie. Op sy boeg is sy oorlogsnommer geverf: W 122. Sy naam is die Gamtoos. Hoewel hy nie so lyk nie en sy naam nie so klink nie, is hy 'n oorlogskip.

Baie jare later, enkele dae gelede, om presies te wees, hou 'n swart ampsmotor met die vlag van die Hoof van die Weermag in die Tafelbaaise hawe stil — nie êrens naby 'n weelderige passasierskip nie, maar op die graansuierkaai.

Dit is die mees weggesteekte kaai in die hawe. Een van die onbelangrikste. Hier meer die graanskepe vas en oorkant hulle lê die ou skepe waarmee die hawe nie raad het nie. Outydse skepe met regop skoorstene, vierkantige boboue en deftige, regop boeë. Skepe wat wag om na hul graf te gaan.

Blink swart motors kom vanselfsprekend selde hier en dit is verstaanbaar dat werkers verbaas die vreemde verskynsel aangaap toe 'n volle admiraal in netjiese uniform by die ampsvoertuig uitklim en na 'n afgeleefde en verroeste vaartuigie stap. Dit is adml. H. H. Biermann, S.S.A., O.B.E., Hoof van Suid-Afrika se Weermag wat van „sy" skip kom afskeid neem.

In die Tweede Wêreldoorlog was die Gamtoos 'n bergingskip en dit was adml. Biermann se eerste skip nadat hy hom by die oorlogsvloot aangesluit het.

Die Gamtoos se dae is getel. Sowat agttien jaar gelede het die Vloot van hom ontslae geraak en die vaartuig, wat soveel roem vir Suid-Afrika en sy offisiere ingeoes het, is as guanoskip gebruik. By die eilande aan die Suid-Afrikaanse kus het hy aangedoen en hulle het seevoëlmis in hom gelaai.

Aan boord van die Gamtoos word adml. Biermann deur kapt. F. J. V. (Dutch) Brand verwelkom. Hulle is ou kennisse. Jare gelede was hulle saam kadette aan boord van die Suid-Afrikaanse Opleidingskip Generaal Botha. Op sy heel laaste vaart was Dutchy Brand die Gamtoos se bevelvoerder.

toe hy die laaste keer die masjienkamertelegrawe in sy hand neem en die laaste bevel na die masjienkamer deurgeskakel het: „Masjienkamer bedank!"

## Opwindend

En daarmee die einde van die heldhaftige klein Gamtoos se lang en kleurryke lewe.

Aan boord ontmoet adml. Biermann nog iemand wat hy onthou: mnr. Israel Pinshaw, wat ná die oorlog as sersant in bevel van 'n twaalftal Suid-Afrikaners as passasiers na hul vaderland teruggevaar het. Daar was nie plek vir almal nie en hulle het op dek „gekampeer!" Vandag is mnr. Pinshaw sekretaris van die Joodse Raad van Afgevaardigdes in Suid-Afrika.

Die opwindendste oomblik in adml. Biermann se loopbaan as bevelhebber van die Gamtoos?

Die Admiraal dink 'n oomblik na, dan glimlag hy. „Dit was seker toe ons die eerste keer in Marseilles se hawe vasgemeer het nadat ons die hawe-ingang opgeruim het," sê hy.

„Ons het skaars aangelê, of 'n Amerikaanse kaptein kom armswaaiend aangehardloop. 'Julle lê op 'n myn en ons weet nie wanneer die ding gaan ontplof nie!' het hy geskreeu.

„Ek het dadelik al die manne van onder uit die ruim bodek toe laat kom. As die myn ontplof het, sou hulle 'n beter kans gehad het om dit op die dek te oorleef.

„Toe moes ons die skip omdraai om weer uit te vaar. Die Gamtoos het net een skroef en soos jy kan verstaan, is dit nie maklik om só 'n skip te laat draai nie. Ek dink dit was die moeilikste en spannendste maneuver wat ek in my seeloopbaan uitgevoer het."

Dit was die jaar 1944 toe die Gamtoos opdrag gekry het om onmiddellik na die groot hawestad Marseilles in Suid-Frankryk te vaar en die hawe „oop te maak." 'n Groot koopvaardyskip het in die ingang gesink en baie lewens het daarvan afgehang dat die hawe spoedig vir die Geallieerdes bruikbaar gemaak moes word.

Die hawe is groot en het heelwat ingange, maar hierdie een was besonder strategies en hier is woes teen die tyd gewerk. Dit was 'n groot vragskip wat op sy sy in die ingang gelê het en hy is stuk-stuk onder die water uitmekaar gesny en geskiet en weggesleep.

„Die Gamtoos was baie goed vir sy taak toegerus," sê adml. Biermann. „Ons het 'n meganiese werkplaas aan boord gehad en 'n groot deel van die bemanning het uit tegnici en sweisers bestaan. Binne agt dae was die ingang oop en ons was die eerste skip wat binnegevaar het."

## Prestasie

Die stukke van die skip wat stukkend gesny en geskiet is, is met sperboomskepe weggesleep. Dit was 'n besondere prestasie omdat die hawe vol myne was wat enige oomblik kon afgaan. Om in sulke waters te duik en te werk, het besondere moed van die manskappe geverg.

Vir sy prestasie het adml. Biermann die O.B.E.-toekenning ontvang.

Die Gamtoos met sy kloeke bemanning het ook die hawe Genoa en Malta oopgemaak, asook etlike klein hawetjies van Frankryk.

In die twee jaar dat adml. Biermann bevelhebber van die Gamtoos was, het hulle darem grappe ook gehad. Hulle het vir Chico gehad, 'n apie wat in Mombasa onderweg na die Midde-Ooste aan boord gekom het.

Altesame 2½ jaar het Chico die lief en leed met die skeepsbemanning gedeel. Al die bergingsoperasies is noukeurig deur die apie dopgehou en toe die Gamtoos in Tripoli deur vleigtuie onder die bomme moes deurloop, het Chico ook saam met al die matrose gekoes.

In Malta het die onnutsige diertjie die oorlogspoging gesaboteur deur die manskappe met haar mannewales uit die werk te hou. Ongelukkig was Chico se senuwees nie van dieselfde gehalte as dié van die manskappe nie. Sy het bomskok opgedoen en mense wat aandag aan haar gegee het, is met 'n geniepsige byt beloon.

Chico moes van die gras gemaak word. Die volgende troeteldier was Waghett, 'n merkwaardige hond wie se voorouers onder meer 'n worshond, 'n terriër en nog iets met 'n onbekende oorsprong ingesluit het.

Waghett het in Malta aan boord gekom en het saam met die skip Suid-Afrika bereik.

In die kaptein se kajuit sit adml. Biermann toe verlede week weer op sy ou plek voor sy lessenaar. 'n Glimlag speel om sy mond terwyl die oë alles inneem. „Is die offisiersbak nog hier onder?" vra hy vir kapt. Brand.

„Nog so, Admiraal."

„Die offisiere het altyd geluister wanneer ek my seelaarse uittrek," sê adml. Biermann. „As hulle dit op die dek hoor val, weet hulle hulle kan ontspan. Maar ek het dit agtergekom. Eendag het ek stilletjies my laarse weer aangetrek en gaan kyk wat op die dek aangaan. Ek het hulle lélik betrap!"

## Skeepsklok

Op die brug streel adml. Biermann se hande die ou stuurwiel, wat aan die outydse stoom-stuurmeganisme gekoppel is. Dit moet een van die weinige skepe op aarde wees wat nog so 'n stuurstelsel het.

„Hierdie dinge moet regtig in 'n museum kom," sê adml. Biermann. „Waar is die skeepsklok?"

„Daar is hy, Admiraal."

Die skeepsklok is spesiaal blinkgevryf vir die geleentheid. Trots staan die naam Gamtoos daarop. Die klok is deel van ons geskiedenis.

'n Admiraal se oë dwaal nostalgies oor die ou koperwerk van die brug, waar hy as jong offisier soveel gevaarlike en opwindende dae deurgebring het.

Toe rus sy oë op die klok. Weer daardie ver kyk in sy oë, asof hy na iets soek daar waar die blou lug en blouer see mekaar ontmoet.

Vandag is die Gamtoos die eindom van die Departement van Handel en Nywerheid. Hy het nog nie finaal besluit wat hy met die Gamtoos gaan aanvang nie, maar dit is in elk geval seker dat die Staat hom nie meer wil hê nie.

'n Mens kan maar hoop dat dié gawe mense sal sorg dat die stuurwie met sy stoommeganisme, die masjienkamertelegrawe en die kompas 'n laaste rusplek in die Maritieme Museum sal vind.

Nog een keer kyk adml. Biermann na alles. Dan gaan hy aan wal. Op die kaai stap hy na die boeg van „sy" skip waar die naam Gamtoos in swart letters geskryf is. 'n Oomblik kyk hy stil na die skip wat so doodstil lê. Dan draai hy om en klim in die ampsmotor. 'n Wuif van die hand, en die swart voertuig trek weg.

Op die skip is dit stil. Hy beweeg effens en êrens klots water. Die agtergeblewenes wat die skip nog vir oulaas oppas, praat in klompies met mekaar.

„Hulle moet die klok vir adml. Biermann gee," sê een. Dit word allerweë beaam.

Dit is min genoeg vir die man wat soveel lief en leed op sy eerste oorlogskip deurgemaak het en sy land daarná met soveel onderskeiding gedien het.